education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## MODEL 2008

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

## VRAAG 1: HOEKOM HET BERLYN DIE BRANDPUNT VAN DIE IDEOLOGIESE STRYD TUSSEN DIE SOWJETUNIE EN DIE VSA IN DIE KOUE OORLOG GEWORD?

### BRON 1A

Hierdie is 'n uittreksel uit *The Cold War* deur David Taylor wat kommentaar lewer op die lewe in Berlyn en die bou van die Berlynse Muur.

**DIE BOU VAN DIE BERLYNSE MUUR**

Wes-Berlyn het groot bedrae geld deur die Marshall-plan ontvang. Dié deel van die stad is herbou en het gou vooruitgegaan. Daar was genoeg kos in die winkels en daar was bioskope, teaters, kafees en nagklubs. Die mense van Wes-Berlyn kon weer die lewe geniet. Die belangrikste was dat hulle in vrye verkiesings kon stem en openlik kon praat, sonder om bang te wees dat hulle gearresteer sou word.

Oos-Berlyn, onder kommunistiese regering, was 'n somber plek. Baie geboue was bouvallig en daar was baie min in die winkels om te koop. Die meeste mense het in vaal woonstelle gewoon en min het voertuie, yskaste of wasmasjiene, wat algemeen in Wes-Europa en die VSA geraak het, besit. Die mense van Oos-Berlyn het geen vryheid van spraak gehad nie en het in vrees geleef dat hulle deur die geheime polisie in hegtenis geneem sou word. Ten spyte van hierdie verskille kon mense egter steeds vrylik deur die stad beweeg. Ondergrondse treine en trems het steeds tussen Oos- en Wes-Berlyn gery. Die inwoners van Oos-Berlyn was vry om vriende in die Weste te besoek en meer as 50 000 van hulle het daagliks daarheen gereis om te gaan werk.

Baie Oos-Duitsers wou 'n beter lewenstandaard hê en het na Wes-Berlyn oorgeloop. Die meeste oorlopers was jonger as 45 en baie het oor bruikbare vaardighede beskik. Onder die oorlopers was onderwysers, regsgeleerdes, dokters en ingenieurs. Daar was meer werksgeleenthede in die Weste en salarisse was hoër. Gou het meer as 200 000 mense jaarliks na die Weste oorgeloop. Oos-Duitsland het die meeste van sy geskoolde werkers verloor.

Khrushchev, die Sowjetleier, en JF Kennedy, die nuwe president van die VSA, het in Wenen in Junie 1961 ontmoet. Kennedy was vasbeslote om aan Wes-Berlyn vas te klou. Khrushchev moes 'n manier vind om die oorloop van die stroom mense te stop. Krushchev het besluit om 'n muur te bou, wat Oos- en Wes-Berlyn van mekaar sou skei. In die vroeë oggendure van 13 Augustus 1961, het Oos-Duitse werkers begin om 'n doringdraadheining tussen Oos- en Wes-Berlyn op te rig.

**BRON 1B**

Hierdie is 'n aangepaste uittreksel uit President JF Kennedy se toespraak op 26 Junie 1961. Kennedy het 'n toespraak op die Rudolf Wilde Platz, naby die Berlynse Muur, gelewer.

Daar is baie mense in die wêreld wat nie regtig verstaan, of sê dat hulle nie verstaan, wat die groot kwessie tussen die vrye wêreld en die kommunistiese wêreld is nie. Laat hulle na Berlyn toe kom.

Vryheid het baie probleme en demokrasie is nie perfek nie, maar ons het nog nooit nodig gehad om 'n muur te bou om ons mense binne te hou en hulle te verhoed om ons te verlaat nie. Ek wil graag sê, en ek praat namens my landgenote wat baie myle van hier af aan die ander kant van die Atlantiese Oseaan woon wat ver van julle af is, dat hulle baie trots daarop is dat hulle julle storie van die afgelope 18 jaar met julle kan deel, selfs van 'n afstand af. Ek ken geen dorp of stad wat vir 18 jaar omsingel was, en nog steeds met soveel lewenskrag en oortuigingsvermoë, hoop en deursettingsvermoë as die stad Wes-Berlyn leef nie. Alhoewel die muur die duidelikste voorbeeld en aanskoulikste vertoning van die mislukkings van die kommunistiese stelsel is, vir die hele wêreld om te sien, put ons geen bevrediging daaruit nie, en soos julle burgemeester gesê het, dit is 'n oortreding nie net teen die geskiedenis nie, maar teen menslikheid, wat families skei, wat mans en vrouens skei, broers en susters, en wat 'n nasie skei wat graag saam wil wees.

Alle vrye mense, waar hulle ook al mag woon, is burgers van Berlyn, en dus, as 'n vrye man, is ek trots op die woorde: 'Ich bin ein Berliner.' ('Ek is 'n Berlyner.')

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1C**

Die volgende is foto's van die Berlynse Muur.

**FOTO 1:** Wys die Berlynse Muur met die bekende Brandenburghek op die agtergrond. Die kennisgewing lees soos volg: 'Aandag, u verlaat nou Wes-Berlyn'.



**FOTO 2:** Wys inwoners van Wes-Berlyn wat oor die Berlynse Muur kyk kort nadat dit in 1961 gebou is.



**VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET TOT DIE PROSES VAN DEKOLONISASIE IN AFRIKA IN DIE 1960's EN 1970's GELEI?**

**BRON 2A**

Die uittreksel hieronder verwys na die bespreking van die dekolonisasie van Afrika.

Nkrumah: 'Geen blanke oorheersing meer nie! Ons wil Afrika vir die swartmense hê.'

Generaal de Gaulle: 'Ons het duisende Franse soldate in die oorlog in Algerië verloor.'

Chamberlain: 'Egipte het die Suezkanaal vir sy eie gewin genasionaliseer – watter vermetelheid.'

Koning Lodewyk II: 'Die Verenigde Volke-Organisasie keur nie goed wat ons in die Kongo doen nie … ons moet gou maak en uit Afrika padgee, voor enigiets anders verkeerd gaan.'

Generaal de Gaulle: 'Menere, kom ons kyk hoe gou ons uit Afrika kan padgee.'

Franse koloniale offisier: 'Maar Meneer, die mense is nie opgelei om hulle eie regering te bestuur nie.'

Franse administrateur: 'Hulle sal maar net moet regkom. Ons kan nie geld op hierdie kolonies spandeer nie.'

Afrika-gemeenskap: 'Ons is arm en kry swaar. Maar ten minste begin ons nou om onsself te regeer en om nuwe instellings te bou.'

**BRON 2B**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n toespraak deur die Britse Eerste Minister, Harold Macmillan, aan die Suid-Afrikaanse parlement, Februarie 1960. Die uittreksel kom uit *Causes and Consequences of Independence in Africa.*

Die treffendste van al die indrukke wat ek nog gekry het sedert ek Londen 'n maand gelede verlaat het, is die krag van ... Afrika nasionale bewussyn. Op verskillende plekke vind dit in verskillende vorme plaas, maar dit kom oral voor. Die winde van verandering is besig om deur hierdie kontinent te waai.

Kopiereg voorbehou

**BRON 2C**

Hierdie is 'n uittreksel geneem uit *Africa Since Independence* met verwysing na Nkrumah se toespraak.

Toe Kwame Nkrumah die onsterflike woorde, 'Soek eers die politieke koninkryk en alle ander dinge sal na julle toe kom,' gesê het, het hy die oortuiging van baie mense, dat selfregering 'n reuse verskil sou maak, uitgespreek. Nkrumah en eensgesinde nasionaliste het geglo dat die koloniale staat in diens van die belange van die Europeërs opgetree het. Wanneer Afrika egter deur swartmense (Afrikane) regeer word, sal die staat gemeenskaplike voordele en groter materiële voorspoed vir almal lewer.

**BRON 2D**

Hierdie is 'n uittreksel uit *General History of Africa.* Dit verduidelik die begrip Afrika-nasionalisme.

Die meeste van die kolonies wat in Afrika ontstaan het, het uit verskillende kulturele en historiese groepe bestaan, wat nie 'n gemeenskaplike geskiedenis gedeel het nie. Die enigste bindende faktor was dat hulle aan 'n vreemde (buitelandse) heerser onderwerp was.

Die uitdrukking van nasionalisme in Afrika was 'n begeerte van hierdie verskillende gemeenskappe om nuwe identiteite te vorm, wat hulle in hulle stryd teen die gruweldade en tekortkominge van koloniale regering sou help.

Kopiereg voorbehou 